Supplement to *Koedoe*.
1977: 24-37.

# DIE NASIONALE PARKE VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA – DIE VERLEDE EN DIE HEDE

A M BRYNARD

*Adjunk-Hoofdirekteur*
*Raad van Kuratore vir Nasionale Parke*
*Posbus 787*
*Pretoria*
*0001*

*Abstract* – This paper deals mainly with the past and present status of nature conservation in the Republic of South Africa.

It is pointed out that the nature conservation history of the Republic of South Africa commenced as early as 1656. In 1897 the first areas for the conservation of wild animals were set aside. These were the Hluhluwe and Umfolozi Game Reserves. Shortly afterwards, in 1898, the Sabi Game Reserve was established mainly through the efforts of President Paul Kruger. Col James Stevenson-Hamilton was appointed the first Warden of the Sabi Game Reserve and through his continued endeavours and perseverance this game reserve, with certain additions, was eventually proclaimed as the first national park in the RSA in 1926.

The first National Parks Board of Trustees, instituted according to the National Parks Act of 1926 commenced with its duties on the 16th September, 1926.

The National Parks Act made provision for the establishment of other National Parks. Since 1931 eight National Parks were established. A short description of the history and most important features of each of these is given.

Daar kan tereg beweer word dat die Republiek van Suid-Afrika (RSA) reeds sedert vroeg in sy geskiedenis natuurbewaringsbewus geword het. As bewys vir hierdie stelling, word aangevoer dat die tweede oudste en een van die wêreld se grootste en beroemdste nasionale parke in die RSA geleë is.

Die RSA se natuurbewaringsgeskiedenis begin reeds by die eerste volksplanting aan die Kaap. Tydens 1656, slegs vier jaar na die aankoms van Jan van Riebeeck aan die Kaap het hy sekere instruksies ten opsigte van die jag van wild neergelê. In 1669 word die eerste jagpermitte deur

Goewerneur Borghorst uitgereik wat die inwoners toegelaat het om slegs sekere wildsoorte te skiet. In 1734 het Goewerneur Jan de la Fontaine instruksies gegee om die bome in die omgewing van Swellendam te beskerm en om die bergwoude te bewaar.

In die wetgewing van die Voortrekkers wat die land vanaf 1836 op verskeie plekke deurkruis het, lees ons dikwels van wildbeskermingsmaatreëls soos onder meer die Jagordonnansie wat in 1837 deur die Eerste Vry Verkose Volksraad aan die Vetrivier in die Oranje-Vrystaat in sy Wet van 9 Artikels geproklameer is. In 1846 het die Ohrigstadse Volksraad klousules aangeneem ten opsigte van wildbeskerming, so drasties, dat konfiskering van gewere, ammunisie en waens daarop gevolg het. In 1848 het Kmdt A H Potgieter 'n kennisgewing uitgereik waarin vreemdelinge ten strengste verbied is om in sy grondgebied te kom jag. Op 22 September 1858 word daar besorgdheid in Transvaal uitgespreek oor die vinnige vermindering van sekere wildsoorte en in die Wet wat vir die beskerming daarvan uitgevaardig word, lees ons:

> "Dat niemand geregtigd zal zyn, meer wild, op enige wyze te doden dan hy volstrekt tot zyn consumptie nodig heeft, of op een wagen kan laden of wild te dooden alleen tot verkrygen van vellen."

In die Transvaalse Republiek is spoedig 'n stap vorentoe gegee toe in 1870 die eerste wildwagters aangestel en geslote jagseisoene ingestel is. Olifante en seekoeie is reeds vanaf 1891 beskerm en vanaf 1893 is buffels, elande, kameelperde en renosters ook onder algehele beskerming geplaas. Groot moeilikhede is egter ondervind met roofdiere sowel as met olifante, seekoeie en renosters wat skade aangerig het aan veetroppe, omheinings en landerye. Hierdie faktore het algemene beskerming moeilik gemaak totdat President S J P Kruger in 1884 die situasie reg opgesom en verklaar het dat algehele beskerming van plante en diere die beste kan geskied in streke of gebiede wat spesiaal opsy gesit of geproklameer word tot natuurreservate. Dit het gelei tot die stigting van die eerste reservaat in Transvaal nl. die Pongola wat op 13 Junie 1894 geproklameer is maar ongelukkig weer op 12 Januarie 1921 gedeproklameer is.

Op 27 April 1897 is die Hluhluwe- en Umfolozi-reservate in Natal geproklameer. In dié Provinsie is streng wetgewing sedert 1892 toegepas. Op die 26ste Maart 1898 is die Sabi-wildreservaat, die latere Nasionale Krugerwildtuin (NKW) as sodanig geproklameer. Dit was die kulminasie van 'n lang en opdraende stryd van bykans 14 jaar wat persoonlik deur President Kruger gevoer is en wat somtyds heftige debatte in die Volksraad uitgelok het. Hy het uiteindelik geseëvier en sy lang ideaal om die natuur wat hy liefgehad het, op 'n behoorlike basis te beskerm. Kort na die proklamering van die Sabi-wildreservaat het die Tweede Vryheidsoorlog uitgebreek en gedurende die jare wat gevolg het, was daar geen sprake van wildbeskerming nie. Trouens, die komman-

do's aan beide kante het, na gelang van omstandighede, wild as rantsoen vir die soldate geskiet.

Op 31 Mei 1902 is die Vrede van Vereeniging gesluit en in Julie 1902 is Kol James Stevenson-Hamilton as die eerste Opsiener van die Sabi-wildreservaat, wat toe onder die Naturellekommissaris, Sir Godfry Langden geressorteer het, aangestel. By sy aankoms was dinge deurmekaar. Die wild was verspreid en sku, veldbrande was algemeen en wild is gestroop terwyl die mense van die omgewing die regulasies verontagsaam het. 'n Groter warboel was ondenkbaar. Stevenson-Hamilton was egter nie net 'n praktiese man nie maar 'n baie groot idealis – begaafd met 'n vermoë om konstruktief waar te neem, te beplan en taktvol op te tree. Hy was 'n groot natuurliefhebber en besiel met ywer en ambisie. Hierdie man het meer as 40 jaar lank viervoet in die NKW gestaan – dikwels alleen te midde van baie moeilikhede.

Gedurende die eerste paar jaar van sy "bewind" het Stevenson-Hamilton reeds baie vermag. Hy het onder andere onmiddellik onderhandelings met groot grondmaatskappye ten noorde van die Sabie-rivier aangekoop waardeur hy die wildbeheerregte oor dié streke verkry het en sodoende is ten opsigte van wildbeskerming ruim 4 000 vk. myl (10 240 km$^2$) tot die Sabie-reservaat bygevoeg. Die staatsgrond benoorde die Letabarivier, dit wil sê rondom Shingwedzi en Punda Milia, is daarna bygevoeg tot die beskermde streek. Met die uitsondering van die gebied tussen die Olifants- en die Letabarivier was die hele streek van die Limpopo- tot die Krokodilrivier toe beskerm.

Na 1905 het Stevenson-Hamilton intens begin belangstel in die idee van 'n nasionale park en in 'n vroeë stadium het hy die wenslikheid met Sir Patrick Duncan, later Goewerneur-Generaal van die Unie van Suid-Afrika bespreek. Hy het die noodsaaklikheid besef om die belangstelling van die publiek se kant af te kry deur besoekers in die beskermde gebied toe te laat en geriewe soos paaie en ruskampe vir hulle daar te stel. Stevenson-Hamilton ontpop nou as die voorstander van 'n nasionale park waar die natuur ook beskerm word terwille van die mens.

Dit was op die vooraand van unifikasie en Transvaal het ineens tot die besef gekom dat sy koffers vol geld was. Die Administrasie het toe besluit om so veel van die geld as moontlik ten goede van die Provinsie te spandeer. Een van die besluite was om die Selati-spoorlyn vanaf Sabibrug by Reserve (later Skukuza) verder noordwaarts te bou, om by Zoekmekaar aan te sluit. In die latere NKW en omgewing was daar nou weer baie bedrywighede aan die gang, en meer en meer het Stevenson-Hamilton tot die besef gekom dat die Provinsiale ordonnansie waaronder die Sabi-wildreservaat beskerm word nie genoegsame sekuriteit aan die gebied verleen nie. Hy het sy eerste memorandum om die gebied tot 'n nasionale park te verklaar opgestel en na Pretoria vertrek om 'n onderhoud met Generaal J C Smuts te voer. Laasgenoemde was toe egter reeds in die Kaap om vergaderings by te woon wat tot die unifikasie van die vier provinsies gelei het. Die onderhoud het nie

plaasgevind nie en wildbeskerming het die verantwoordelikheid van die Provinsies gebly.

Met die unifikasie van 1910 het die Sabi-wildreservaat onder die Transvaalse Administrateur, Johann Rissik, geressorteer en aan hom moes Stevenson-Hamilton van vooraf sy idee van 'n nasionale park propageer. Ongekende voorspoed en snelle ontwikkeling op verskillende terreine het die jaar onmiddellik ná unifikasie gekenmerk. Daar was landbou- en nywerheidsontwikkeling aan die gang en dit alles het 'n bedreiging vir die wildbewaring ingehou. Die bedreiging het gou werklikheid geword. Dit was reeds die tweede vyfjaar-termyn dat die groot grondmaatskappye benoorde die Sabi-rivier hul wildbeheerregte aan die Opsiener van die latere NKW oorgedra het en hulle was nie meer begerig om daarmee voort te gaan nie.

Die boere aan die wesgrens van die Wildtuin het met skape begin boer en 'n agitasie op tou gesit vir meer weiveld in die Pretoriuskop-gebied. Stevenson-Hamilton het probeer om met hulle te onderhandel maar in 1912 het 9 000 skape hul reeds in die gebied bevind. Weiveld moes vir hulle gebrand en roofdiere verwilder word. Dit was 'n uiters ongesonde toestand en die Opsiener het hemel en aarde probeer versit om sake reg te stel. Hy kon eers daarin slaag toe die tarief vir hierdie weiregte aansienlik verhoog is.

Op 13 Junie 1916 is 'n kommissie onder voorsitterskap van J F Ludorf (later 'n voorsitter van die Nasionale Parkeraad) aangestel om die hele aangeleentheid rakende die beskermde gebied uit te pluis. In 1918 het hulle die eerste verslag ingebring, waarin aanbeveel is dat die onderhawige gebied se oorspronklike grense nie verklein mag word nie, maar dat die boere ten weste van die Sigaasrivier in die Pretoriuskopgebied weiregte moes kry. 'n Baie belangrike aanbeveling van die kommissie was egter dat stappe stelselmatig gedoen moes word waardeur die Sabi-wildreservaat uiteindelik tot 'n nasionale park geproklameer sou word.

Intussen het die Eerste Wêreldoorlog uitgebreek en Stevenson-Hamilton oorhandig sy opdragte aan De la Porte, wat weer aan Frazer oorhandig, wat weinig aandag aan die administrasie gegee het. In hierdie tyd bereik die agitasie teen die voortbestaan van die gebied sy hoogtepunt.

Na die oorlog toe Stevenson-Hamilton weer die leisels oorneem was dinge redelik deurmekaar en in 1921 pak die onweerswolke dreigend saam. Sekere steenkoolmaatskappye wou hulle bedrywighede in die Laeveld voortsit; die grondeienaars ten noorde van die Olifantsrivier wou geen konsessies meer toestaan nie; die boere besuide die Krokodilrivier en ten weste van die Sigaas vra meer grond en die reg om alle "ongediertes" dood te skiet; die Selati-spoorlyn was finansieel 'n verlies en om dit meer winsgewend te maak, is aanbeveel dat die Sabiwildreservaat en die omliggende dele landboukundig ontwikkel moes word.

Stevenson-Hamilton het probeer walgooi, maar aan die begin van 1923 is 'n vergadering van alle belanghebbende persone en organisasies in die kantoor van die Administrateur gehou en op hierdie vergadering het Sommerville, Sekretaris van Lande, verklaar dat die Departement van Lande, voornemens was om die staatsgrond wat deur die Sabi-wildreservaat in beslag geneem is, in plase op te sny. Vir Stevenson-Hamilton het dit gelyk asof die stryd verlore was, maar deur bemiddeling van Sommerville het hy by Deneys Reitz, Minister van Lande uitgekom en ook sy oorspronklike pleidooi, dat die Sabi-wildreservaat 'n nasionale park moes word aan Patrick Duncan en Generaal Smuts herhaal en gepropageer. Op Stevenson-Hamilton se uitnodiging het Minister Reitz die Sabi-wildtuin besoek en 'n groot voorstander van die nasionale park-idee geword. Die moeilikhede was egter nog nie opgelos nie en die grondmaatskappye het met beesboerderye in die beskermde gebied begin.

In 1923 verskyn die SA Spoorweë as 'n ligglans op die horison toe hulle die gewilde "Round Tours in 9 Days" ingestel en die Sabi-wildtuin by hul reisplan ingesluit het. Dit het gou geblyk dat die Sabi-wildtuin die lokmiddel van die toer was en honderde mense het daaraan deelgeneem.

Ten einde van die grense van die beskermde gebied en die besware van die grondmaatskappye te besleg, het Deneys Reitz aan Majoor Scott, Voorsitter van die Landraad, asook Landmeter-Generaal Schoch opdrag gegee om op die saak in te gaan. Albei hierdie persone was toegewyde natuurliefhebbers. Dr Schoch, broer van die Landmeter-Generaal, het 'n weldeurdagte nasionale parke-ordonnansie opgestel wat later feitlik onveranderd as die Nasionale Parkewet aanvaar is. Die Wildlife Protection Society (WLPS) het 'n energieke veldtog begin en die Spoorweë het geen steen onaangeroerd gelaat om die Sabi-wildtuin heinde en ver te propageer nie.

Dit het ook geblyk dat die probleme met die grondmaatskappye uit die weg geruim kon word as die beoogde wildtuin vernou word aan die westekant. As 'n aanwins kon die toevoeging van die gedeelte tussen die Olifants- en Letabariviere oorweeg word. 'n Ooreenkoms was in sig en alles was gereed vir die parlementsitting van 1923 toe daar ineens 'n dooiepunt ontstaan het, veral wat die uitruil van grond betref. Dit het 'n groot oponthoud veroorsaak en vanweë die werksophoping aan die einde van die parlementêre sitting, kon die Nasionale Parkewet nie in 1923 afgehandel word nie en is dit terugverwys vir hernude samesprekings. Stevenson-Hamilton was verslae en moedeloos.

In 1924 het daar 'n verandering van regering gekom. Generaal J B M Hertzog word Eerste Minister en Minister P G W Grobler word Minister van Lande. Minister Grobler was 'n kleinseun van President Kruger en het groot agting vir hom gekoester. Op aandrang van sy kameraad in die natuurbewaringsveldtog, Oswald Pirow, het Stevenson-Hamilton daadwerklike pogings aangewend om 'n onderhoud met Min. Grobler te kry ten einde sy saak te kon stel. 'n

Onderhoud met die Minister is deur bemiddeling van die Sekretaris van die Departement van Lande, Sommerville, wat intussen 'n groot voorstander en kampvegter van die nasionale parke-idee geword het, gereël. Hy het die agtergrond van die hele stryd geskets en duidelik die geskil met die grondmaatskappye verduidelik. Stevenson-Hamilton was grootliks verras toe hy uitvind dat Min Grobler 'n natuurbewaarder van formaat was en dat hy baie simpatiek gestaan het teenoor die nasionale parke-idee. Hy het aan Stevenson-Hamilton beloof dat hy uit die staanspoor alles sal doen totdat hy die ideaal van 'n nasionale park verwesenlik gesien het. Hy het Stevenson-Hamilton aangeraai om terug te gaan en die idee van 'n nasionale park te propageer deur die Sabi-wildtuin meer te populariseer, terwyl hyself persoonlik aandag aan die moeilikheid met die grondmaatskappye sou skenk.

In sy pogings om die Sabi-wildtuin te populariseer het Stevenson-Hamilton die hulp ingeroep van die Wildlife Protection Society en die S A Spoorweë. Laasgenoemde het 'n publisiteitsbeampte, Caldicott, na die beoogde wildtuin gestuur en hy het teruggekom met foto's, films en plakkate. In vele spoorweggeboue in Suid-Afrika het daarna die naam Sabie-Wildtuin in groot letters gepryk.

Op 9 Desember 1925 het Minister Grobler die verteenwoordigers van die Grondmaatskappye in Cornerhouse, Johannesburg ontmoet. Op 'n baie diplomatiese maar besliste wyse het hy aan hulle die groot idee van 'n nasionale park verduidelik, breedvoerig uitgewei oor die rol wat dit in Suid-Afrika sou speel en op die noodsaaklikheid daarvan gewys. Daarna het hy hulle besware stelselmatig ontleed en aan hulle die voorstel gedoen dat die Regering bereid is om 'n uitruiling van grond te bewerkstellig. Met beslistheid het hy verklaar dat as hulle nie bereid sou wees om oor die voorgestelde gronde te onderhandel nie, die Regering die reg tot onteiening sou moes toepas. Die grondmaatskappye was inskiklik en 100 000 morg is uitgeruil, terwyl die res uitgekoop is teen 'n bedrag van £40 000. Die Sabi-Wildreservaat sou nou ongeveer 7 000 vk. myl groot wees, met min of meer dieselfde grense as die huidige Nasionale Krugerwildtuin. By 'n later geleentheid is ongeveer 40 000 morg toegevoeg.

Uiteindelik het die groot dag op 31 Mei 1926 aangebreek toe Minister Grobler die Wet op Nasionale Parke in die parlement aangekondig het. Hy het dit voorgehou as die vervulling van die ideaal van President Kruger. Groot was die applous van beide kante van die Huis toe hy sy voorstel afsluit met die woorde dat die Sabi-wildreservaat voortaan bekend sou staan as die Nasionale Krugerwildtuin van Suid-Afrika.

Op 16 September 1926 het die eerste lede van die Raad van Kuratore vir Nasionale Parke onder voorsitterskap van Sen. W J C Brebner met hulle werksaamhede begin.

Van 'n afgesonderde en relatief onbekende bewaringsgebied het die NKW die afgelope 50 jaar gegroei tot 'n internasionale instelling wat met trots sy plek kan inneem onder die 10 vernaamste nasionale parke in

die wêreld. Van 'n skamele dosyn of wat besoekers in 1927 het besoekersgetalle gegroei tot 'n rekord aantal van 'n raps meer as 375 000 in die 1975-76 toeristeseisoen, terwyl besoekersinkomste gegroei het in dieselfde tydvak van R6 tot byna R7 500 000. Besoekersgeriewe is ook deur die jare uitgebrei van 8 ruskampe in 1929 met ongeveer 76 rondawels tot 13 selfvoorsienende ruskampe met ongeveer 1 000 rondawels. Daarbenewens maak die ruskampe ook voorsiening vir woonwa-eienaars en kampeerders.

Die enigste pad wat in 1927 bestaan het waarop motorvoertuie kon beweeg, was 'n sirkelroete tussen Krokodilbrug en Onder-sabie. Sedertdien het die padnetwerk in die NKW groot vooruitgang gemaak en tans is daar reeds 340 km teerpad aangelê benewens 3 077 km gruispaaie en nog 4 236 km voorbrandpaaie. Die Raad het deur die jare 'n goed toegeruste Tegniese Dienste-eenheid opgebou wat alle konstruksie- en instandhoudingswerke van paaie, damme, toeriste-geriewe, administratiewe geboue, ens. onderneem onder beheer van 'n span gekwalifiseerde ingenieurs.

Op natuurbewaringsgebied was daar gedurende die afgelope 50 jaar ook groot vooruitgang veral op die gebied van watervoorsiening, veldbrandbestuurmaatreëls, omheinings, beheer oor wildgetalle, herinvoer van wild, bekamping van stropery, ensovoorts.

Die eerste betondam is in 1931 langs die ou Voortrekkertransportroete gebou. Hierdie eerste kunsmatige drinkplek vir wild was die voorloper van 'n georganiseerde veldtog, wat in later jare telkens gedurende tydperke van langdurige droogte in momentum toegeneem het en wat daarop gemik was om die NKW selfvoorsienend te maak ten opsigte van water vir wild. Vandag beskik die NKW oor 308 boorgate met windpompe, 'n pypleiding met 13 aftappunte tussen die Olifantsrivier en Satara, 'n aantal groot betondamme en stuwalle in die groot riviere en 41 gronddamme.

Ten einde beter beheer uit te oefen oor die moontlike verspreiding van wildsiektes wat oordraagbaar is na plaasdiere (o.a. bek-en-klouseer), is op aandrang van die Afdeling Veeartsenydienste van die Departement Landbou-Tegniese Dienste in 1959 begin met die toespan van die suid- en wesgrens van die NKW en hierdie taak (720 km) is in 1960 voltooi. In 1974 is daar ook op kabinetsvlak besluit om 'n olifantwerende omheining op te rig op die internasionale grens tussen die NKW en Mosambiek. Hierdie projek is in Julie 1974 van stapel gestuur en in Maart 1976 voltooi.

Geskikte sensusmetodes vir wilde diere het al meer noodsaaklik geword namate die getalle van die groter soogdiere toegeneem het. Betroubare beramings van getalle is noodsaaklik om bestuurspraktyke behoorlik te kan beplan. Lugsensusse deur middel van helikopters en/of ligte vliegtuie het in die NKW nou 'n jaarlikse instelling geword en is hierdie opnames ook periodiek aangevul deur uitgebreide grondtellings wat deur die navorsings- en veldwagterpersoneel onderneem word. Die onbeheersde aanwas van groot plantvretende diere soos olifante, buffels,

seekoeie, blouwildebeeste, kwaggas en rooibokke het dit noodsaaklik gemaak dat maatreëls ingestel word om die habitat te beskerm teen die invloed van oormatige getalle. Uitdunkampanjes om die populasievlakke van hierdie diere te stabiliseer, is reeds in 1966 geloods en sedertdien suksesvol in stand gehou.

Voor die totstandkoming van die Sabi-wildreservaat het sekere diersoorte in die gebied uitgesterf of so afgeneem in getal dat hul hulself moeilik kon handhaaf. Welslae is behaal met die herinvoer van sulke soorte en vandag kom die volledige spektrum van groot soogdiere wat vroeër die Laeveld bewoon het weer in die NKW voor.

Op navorsingsgebied is daar ook vordering gemaak op die gebied van veldbrandnavorsing, weidingsbeheer en -bestuur, sensusmetodes, die bestudering van die habitatsvereistes en ekologie van probleem en bedreigde spesies, die vang van wild deur middel van verdowingsmiddels en 'n groot verskeidenheid ander projekte.

Die oorspronklike Wet op Nasionale Parke (1926) het voorsiening gemaak vir die daarstelling van ander nasionale parke. Sedert die totstandkoming van die NKW het die proklamering van verskeie ander nasionale parke gevolg: gedurende 1931 is 3 nuwe nasionale parke geproklameer nl. die Kalahari-gemsbok Nasionale Park, die Addo-olifant Nasionale Park en die Bontebok Nasionale Park; gedurende 1937 die Bergkwagga Nasionale Park; die Golden Gate Hoogland Nasionale Park, 1963; die Tsitsikama Bos- en Seekus Nasionale Parke, 1964 en die Augrabies-waterval Nasionale Park gedurende 1966. Elkeen van hierdie parke is met 'n besondere doel gestig.

Die Kalahari-gemsbok Nasionale Park is verteenwoordigend van een van die heel droogste gebiede in die RSA (gem. reënval ±200 mm per jaar). Dit word begrens deur Suidwes-Afrika aan die weste, deur die Republiek van Botswana aan die ooste en deur die Mier Kleurlingnedersetting aan die suidwestekant. Dit is 'n droë uitgestrekte sandwêreld met sandduine wat in reëlmatige rye lê en wissel in hoogte en voorkoms. Die ritmiese eentonigheid van die sandduine word plek-plek onderbreek deur 'n soutpan. In die park is daar twee droë rivierlope nl. die Auob en die Nossob. Albei hierdie riviere ontspring in Suidwes-Afrika. Die Auob loop oor die RSA grens by Mata-Mata waar dit 'n breë rivierbedding vorm en met geringe kronkels gaan dit deur die lengte van die Park – 'n afstand van 121 kilometer.

Ongeveer 120 km noord vanwaar die Auob by Mata-Mata die Republiekgrens oorsteek, kom die Nossobrivier die RSA binne (Unie-end) – die gemeenskaplike grensbaken tussen die RSA, Suidwes-Afrika en die Republiek van Botswana. Die Nossob is die grensrivier tussen die Republiek van Botswana en die Republiek van Suid-Afrika.

Die Bontebok Nasionale Park is ook gedurende 1931 geproklameer. Die totstandkoming van hierdie beskermingsoord vir bontebokke

*Domaliscus dorcas dorcas* is gemotiveer deur die drastiese afname in getalle van hierdie diersoort. Aan die einde van die vorige eeu het die getalle op ongeveer 450 diere gestaan maar teen 1927 het hulle getalle afgeneem tot 'n skamele 110 diere. Gedurende 1930 is die plaas Quarriebos deur die Staat aangekoop met die doel om beskerming aan hierdie diersoort te gee. Gedurende 1931 is die plaas wat ongeveer 27 km suid van Bredasdorp geleë is, as die Bontebok Nasionale Park geproklameer en 'n troppie van 22 bontebokke is daar gevestig. Die diere het aanvanklik goed gedy en hulle getalle het vinnig toegeneem sodat daar reeds sedert 1949 teeldiere aan boere beskikbaar gestel kon word. Mettertyd het dit egter duidelik geword dat daar ernstige probleme ten opsigte van parasietbesmetting en spoorelementtekorte is. Drastiese stappe moes hierna oorweeg word om die bontebokpopulasie van ondergang te red.

Nadat verskeie moontlikhede ondersoek is, is 'n gedeelte van die dorpsmeent van Swellendam aangekoop. Die nuwe Bontebokpark het 1 461 ha beslaan nadat aangrensende boere ook grond aan die park geskenk het. Gedurende 1960 is 84 bontebokke uit die ou park na die nuwe park oorgeplaas. Hiervan het 61 die trek oorleef. Nadat die bontebokke goed gevestig was, was die populasiegroei bestendig. Twee aangrensende plase is later aangekoop (1965) wat die totale oppervlakte van die park op 2 786 ha te staan gebring het.

Op 3 Julie 1931 het die oorblywende olifant bevolking van Oos-Kaapland, na 'n tydperk van roekelose uitwissing 'n tuiste in die Addo-olifant Nasionale Park gevind. Toe Luit W M Patterson in 1779 deur die Sondagsrivier getrek het en in die omgewing van Sandflats, 16 km van die teenswoordige park, kamp opgeslaan het, was hy verbaas oor ". . . die groot getalle viervoetige diere soos leeus, luiperde, olifante, renosters, buffels, springbokke . . ." wat daar voorgekom het. Van hierdie diersoorte het slegs olifante en buffels oorgebly danksy die digtheid van die Addobos. Hoë somertemperature en droogtes het landbouontwikkeling tot 1922 teëgehou. Die voltooiing van die Sondagsrivierbesproeiingskema het die vallei omskep in een van Suid-Afrika se vrugbaarste sitrusstreke. Stadig maar seker het ontwikkeling plaasgevind en die Addobos het al kleiner geword. Die 259 km$^2$ vrye loopgebied het gekrimp tot nouliks 26 km$^2$ en die olifante het 'n wesenlike gevaar geword. In 1919 het die Administrateur van Kaapland, Sir Frederick de Waal, Majoor Pretorius aangestel om al die olifante dood te skiet. Vir ongeveer 350 dae het Majoor Pretorius sy jag op die olifanttroppe voortgesit. Eindelik het slegs 11 olifante oorgebly en met hulle het die Nasionale Parkeraad die Addo-olifant Nasionale Park begin. Maar ten tye van die proklamasie van die park was die olifante wat oorgebly het buite die gebied wat vir hulle opsy gesit is. Die oorjaag van die diere na die park was 'n moeilike taak. Op voorstel van een van die Raadslede mnr R A Hockley is veldwagter Harold Trollope van die NKW na Addo oorgeplaas om die olifante na die park terug te jaag.

Trollope het na vele gesukkel daarin geslaag en op 9 Oktober 1931 kon hy aan die Sekretaris van die Nasionale Parkeraad soos volg rapporteer. "I have pleasure in reporting that last night I succeeded in getting the herd of elephants into the Park".

Toe die olifante uiteindelik binne was, was die vraag hoe om hulle daar te hou. Dit is toe reeds besef dat 'n doeltreffende omheining die enigste uitweg was. Teen Mei 1937 is die eerste 5 km geëlektrifiseerde omheining gespan en drie jaar later voltooi. Die olifante het egter gou uitgevind dat die heiningpale nie geëlektrifiseer was nie en hulle het eenvoudig die pale platgetrap en oorgestap. In 1946 is met 'n verbeterde geëlektrifiseerde omheining begin maar dit was ook nie geslaagd nie.

In 1944 reeds het veldwagter Graham Armstrong 'n spoorstaaf-omheining met dik staalkabels bepleit. Na baie geredekawel en nadat 'n proefomheining eers gebou moes word om te kyk of die olifante dit nie kan breek nie is 2 570 ha van die Park gedurende Mei 1952 uitgemeet en daar is besluit dat hierdie gedeelte omhein sou word. Nadat die besluit geneem is het Graham Armstrong onverpoosd gewerk om die heining te voltooi en in September 1953 kon die Direkteur van Nasionale Parke die voltooiing van die omheining aankondig. Hy het dit bestempel as moontlik die grootste onderneming wat die Parkeraad tot op daardie stadium aangepak het. Die Nasionale Parkeraad het besluit om die omheining te vernoem na die man by wie die gedagte ontstaan het en wie die projek in rekordtyd met groot besparing uitgevoer het – Graham Armstrong.

Intussen het die getalle van die olifante van 'n skamele 15 diere aangegroei tot 76. Die gedeelte wat oorspronklik toegepan is vir die olifante het intussen te klein geword en 'n addisionele 1 000 ha van die park word tans mat kabels en spoorstawe omhein.

Die Bergkwagga Nasionale Park is sowat 20 km suidwes van die skilderagtige Karoodorp Cradock geleë en is net soos die Addo-olifant Nasionale Park en die Bontebok Nasionale Park 'n spesiepark. Met ander woorde, die klem val hier op die behoud en bewaring van 'n sekere spesie of spesies.

Die huidige park beslaan sowat 6 536 ha van hange, klowe en plato's aan die noordekant van die Bankberg.

In die vroeë dertiger jare het dit duidelik geword dat die Kaapse bergkwagga *Equus zebra zebra* sou uitsterf indien daar nie spesiale maatreëls getref sou word nie. Die Nasionale Parkeraad het toe die aangeleentheid ondersoek en na verloop van ongeveer 7 jaar het die Staat die plaas Babylons-Toren in 1937 aangekoop. Die 1 712 ha met 6 bergkwaggas daarop is toe as die Bergkwagga Nasionale Park geproklameer. Hierdie klein bevolking het egter agteruit geboer en in 1946 was daar slegs 2 hingste oor. Op 'n naburige plaas Waterval, van mnr H J Lombard was egter nog 11 diere teenwoordig wat hy aan die volk van Suid-Afrika geskenk het op 9 November 1950. In 1964 het die

populasie aangewas tot 25 diere en in daardie jaar is aangrensende plase ook deur die Staat aangekoop wat die park oppervlakte vergroot het tot die huidige 6 536 ha. 'n Bykomstige 30 diere is ook op hierdie manier verkry en aan die einde van 1964 het die groottotaal dus gestaan op 55 bergkwaggas. Die daaropvolgende 10 jaar het die populasie verdriedubbel tot 161 diere. Dit behels bykans 75% van alle lewende Kaapse bergkwaggas. Die res kom voor in die Kamanassie-, Gamka-, Kouga- en Outinikwabergreekse asook in die provinsiale wildreservaat De Hoop naby Bredasdorp. Wêreldwyd bestaan daar vandag nie meer as 200 van dié diere nie.

Behalwe vir die bergkwaggas kan besoekers aan hierdie park ook springbokke, blesbokke, rooiribbokke, swartwildebeeste, elande en gemsbokke te sien kry. Met die uitsondering van die bergkwaggas en rooiribbokke is al die ander spesies met verloop van jare in die park hervestig en hierdie hervestigingsprogram was so suksesvol dat daar periodiek ingegryp en die getalle verminder moet word.

Die Golden Gate Hoogland Nasionale Park is die enigste Nasionale Park in die Provinsie van die Oranje-Vrystaat. Die park is op 13 September 1963 as 'n Nasionale Park geproklameer. Dit beslaan bykans 4 800 hektaar wat hoofsaaklik uit berghange en platogebied bestaan. Anders as die res van die Vrystaat is daar weinig vlakteveld. Die hoogste punt, Generaalskop, is 2 760 m bo seevlak terwyl die laagste punt in die park, die Klein Caledonrivier, slegs 1 722 m is.

Nie alleen ontspring die Klein Caledon teen die berghange op een van die oorspronklike plase, Woodhouse nie, maar die grens van die park word gevorm deur die waterskeiding tussen die Vaal- en die Oranjerivier.

Die Golden Gate Hoogland Nasionale Park is hoofsaaklik in die lewe geroep vanweë sy pragtige natuurskoon. Die fluweelgroen, grasbedekte hellings word afgewissel met steil, soms loodregte of oorhangende rotskranse wat hoofsaaklik saamgestel is uit Holkranssandsteen. Laasgenoemde gee oorsprong aan die mees fantastiese kleureprag wat wissel van uur tot uur, van dag tot dag en van seisoen tot seisoen. Gedurende die najaar smelt die goud- en roeskleurige herfstooisel van die bome pragtig saam met die rooi- en goudglans van die sandsteenformasies.

Die berghellings word deur 'n groot verskeidenheid grassoorte en blomplante begroei. Natuurlike bome en struike is skaars in die gebied en word feitlik slegs langs die Klein Caledonrivier langs spruite en in bergklowe aangetref. Die opvallendste soorte is die bekende ouhout boom *(Leucosidea sericea)* en kiepersol *(Cussonia spicata)*.

Dit is die Nasionale Parkeraad se beleid om wilde diere wat vroeër in die gebied van 'n Nasionale Park voorgekom het weer daar te vestig. Navorsing het aan die lig gebring dat wild in die vroeë dae redelik volop op die Golden Gate se hooglande voorgekom het.

Sedert die totstandkoming van die park is uitvoering aan hierdie beleid gegee en vandag kan die toeris die bergpad volg en redelike getalle swartwildebeeste, blesbokke, elande, springbokke, rooihartbeeste, bontkwaggas, buffels, vaalribbokke, rooiribbokke, oorbietjies, steenbokke en vlakvarke sien.

Die voëlpopulasie van die park het sedert sy totstandkoming geweldig toegeneem. Die gelukkige toeris mag ook een van die skaarsste voëlsoorte nl. die lammergeier te sien kry. As gevolg van die algehele beskerming wat dit geniet, broei die lammergeier gereeld op die rotslyste van die kranse in die park.

Vir die toeris is daar ruim voorsiening gemaak. Gerieflike akkommodasie is beskikbaar in die Brandwagkompleks en by die Glen Reenen ruskamp. Daar bestaan ook goeie fasiliteite vir die kampeerder en vir die woonwa-eienaar.

Die Tsitsikamaseekus Nasionale Park is die eerste van sy soort wat in die Republiek van Suid-Afrika geproklameer is. Dit het in September 1964 tot stand gekom. Hierdie park lê tussen die Grootrivier naby Plettenbergbaai en Eersterivier naby Humansdorp. Stormsriviermond is ongeveer in die middel van die 80 km lange kuslyn van die park geleë en is die enigste plek waar die see per motorvoertuig bereik kan word.

Die grens van die park lê 800 meter see-in gemeet vanaf die laagwatermerk en die landsgrens volg rofweg die 200 m hoogtelyn. By Stormsriviermond, aan die voet van die kranse op die smal kusstrook het die Parkeraad besoekers geriewe daargestel in die vorm van kampterreine, strandhutte, 'n karavaanpark en 'n winkel/restaurant kompleks. Dit vorm die middelpunt van 'n netwerk van interessante wandelpaaie wat die toeris na hartelus kan benut.

Die Otterwandelpad begin ook by hierdie ruskamp en loop in 'n westelike rigting tot aan die park se grens by Natures Valley – 'n afstand van sowat 64 km. Dit volg 'n unieke kuslyn met riviermonde, steil kranshellings, inhamme, baaitjies, poele, rotsriwwe wat ver die see inskiet en waar die branders fantasties breek.

In die rotspoele kom 'n rykdom van seelewe soos see-anemone, waaierwurms, seeslakke, seesterre, seekatte, krappe, mossels en baie andere voor.

Waar die pad die Paul Sauer brug na die westekant oorgaan is die Tsitsikamabos Nasionale Park. Die park is in 1964 geproklameer en is 'n uitstekende voorbeeld van die Suid-Kaapse inheemse bos wat 'n gebied van 478 ha beslaan. Dit verskaf uitstekende geleenthede vir die bestudering van die bos-ekologie en die besoeker kan die natuurlike skoonheid van die bos geniet deur van die verskillende wandelpaaie gebruik te maak.

Verskeie baie groot ou geelhoutbome *(Podocarpus falcatus)*, sommige meer as 50 m hoog word in hierdie ongeskonde bos aangetref. Goeie

voorbeelde van die stinkhout *(Ocotea bullata)*, vlier *(Nuxia floribunda)* en wilde kastaiing *(Calodendrum capense)* sowel as van ysterhout, assegaaihout, essenhout, hardepeer, witpeer, boekenhout en vele ander spesies word ook hier aangetref, verstrengel tussen digte struikgewas van boomsoorte en adelaarsvaring.

Die interessante voëllewe in die park toon 'n ryke verskeidenheid en die Knysna-loerie en die bosloerie kom albei hier voor. Behalwe voëls kom kleiner soogdiere soos rooikatte, bosbokke en selfs luiperds in hierdie bos voor.

Aan die kant van die De Plaat-bos is daar 'n restaurant waar die moeë reisiger lafenis kan kry asook 'n gerieflike karavaanstaanplek.

Ek het reeds vroeër daarna verwys dat dit President Paul Kruger veertien jaar geneem het om die totstandkoming van Sabi-wildreservaat te bewerkstellig. Die Nasionale Park wat naas die Sabi-wildreservaat die langste geneem het om geproklameer te word, is die Augrabies-waterval Nasionale Park in die Noordwestelike Kaapprovinsie. Reeds in 1954 het die Publisiteitsvereniging van Upington die Nasionale Parkeraad genader om die Augrabieswaterval en die omliggende gebied as 'n Nasionale Park te laat verklaar. Hierdie gebied was toe reeds vir dertig jaar Staatsgrond. In die vroeë annale van die geskiedenis is aangeteken dat hierdie grond van geen landboukundige waarde was nie aangesien dit net uit rotsblokke, kliprante, skeure en afgronde bestaan het. Verder is ook aangevoer dat daar sekere onreëlmatighede plaasgevind het in verband met die prospektering van diamante.

Daar is reeds in 1955 in beginsel goedgekeur dat die gebied as 'n Nasionale Park verklaar moes word maar hierdie besluit is daarna in die wiele gery deur verskeie opsies vir die prospektering van diamante en die Oranjerivierprojek wat in 1961 aangekondig is.

Gelukkig het daar niks van hierdie nuwe wending gekom nie en in Januarie 1965 kry die Nasionale Parkeraad kennis dat die nodige opmetingswerk gedoen is wat die Landmeter-generaal in staat sou stel om die grensomskrywings van die beoogde nasionale park beskikbaar te stel met die oog op die proklamering daarvan.

Vroeg in 1966 tree wyle Dr H F Verwoerd ook toe tot die stryd om die park finaal geproklameer te kry. Deur sy bemiddeling word die betrokke gebied van die Augrabieswaterval op 5 Augustus 1966 tot Nasionale Park verklaar – meer as twaalf jaar nadat die eerste onderhandelings begin is.

Hoewel die Augrabies-waterval Nasionale Park in 'n dorre deel van die land geleë is, het dit 'n besondere bekoring vanweë sy uitstaande geologiese eienskappe en barre natuurskoon. Die valle self is sekerlik die mooiste voorbeeld van waterverwering van graniet wat in die Republiek van Suid-Afrika voorkom maar daar is ook uitstaande voorbeelde van windverwering.

Die park beskik oor 'n redelike ryk verskeidenheid van plante wat

goed aangepas is by die warm droë omgewing. Uitstaande voorbeelde van die Kokerboom *(Aloe dichotoma)* word hier aangetref. Boomsoorte soos olien, vaderlandswilg, karee en andere kom volop langs sekere dele van die oewers van die rivier en die droë sandslote voor. Altesame 65 voëlsoorte is reeds geïdentifiseer, insluitende arendsoorte soos die visarend, breëkoparend en die witkruisarend. Diere soos klipspringers, steenbokkies, ape, bobbejane, dassies, aardwolwe en enkele luiperds kom in die park voor.

Die park beskik oor beperkte maar baie gerieflike huisvesting asook 'n goedversorgde woonwapark wat staanplek bied vir vyftig woonwaens.

Op die kruin van die Bronberg in die hartjie van Suid-Afrika se hoofstad, Pretoria, het die jongste en die kleinste Nasionale Park in Suid-Afrika tot stand gekom. In 1965 het die stadsraad van Pretoria een deel van die pragtige kop aan die Nasionale Parkeraad geskenk om daar sy hoofkantoor op te rig. Dit is in 1968 as die Groenkloof Nasionale Park verklaar. Dit was 'n wonderlike gedagte – die voltooiing van 'n sirkel wat in 1898 met die proklamering van die Sabi-wildreservaat begin het, oor die hele land gespan het en 70 jaar later in 1968 weer in Pretoria kom eindig het.

## BIBLIOGRAFIE


Die volgende publikasies kan vir bykomstige inligting nageslaan word:

BRYNARD. A M 1972. Natuurbewaring in die Golden Gate Hoogland Nasionale Park. *Custos* 1: 5.

BURGER, S 1976. Nasionale Park Augrabies *Landbouweekblad* 26.

DE GRAAFF, G 1976. Bergkwaggas in hulle natuurlike omgewing. *Custos* 5: 6.

JORDAAN, J C 1976. Golden Gate. *Landbouweekblad* 24.

LABUSCHAGNE, R J 1958. *Sestig jaar Krugerwildtuin.* Raad van Kuratore vir Nasionale Parke. Johannesburg: Voortrekkerpers.

PIENAAR, U DE V 1976. Krugerwildtuin – 50 jaar Nationale Park. *Custos* 5: 6.

ROBINSON, G A 1976. Seekuspark bied elke dag iets nuut. *Custos* 5: 6.

VAN ZYL, L J 1976. Bontebokke van uitwissing gered. *Custos* 5: 6.